

Hoofstuk van die dag: Psalm 3

> *As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my. (vers 6)*

Psalm 3 is ’n goeie voorbeeld van ’n klaaglied (’n psalm waarin die digter by die Here sy lot bekla, maar ook aan die Here vasgryp vir uitkoms).
Die digter wil ons oorreed om in ons nood met die Here in

gesprek te tree en op Hom te vertrou. Ons kan in enige noodsituasie ons probleem aan die Here vertel. Hy is die Een wat antwoord en daadwerklik ingryp, en wat die enigste Bron van sekerheid is. Dit stel ons in staat om weer ons koppe op te tel en ons probleme en die wêreld in die gesig te kyk.
Wat sê hierdie psalm vir jou as jy bang is? Dit nooi jou uit: Kom met jou vrese na God toe. Kom kla soos die digter by Hom. As jy dit doen, sal Hy jou ook laat onthou wat Hy alreeds in Christus vir jou gegee het: die voorreg dat jy vir God “my God” kan sê (Rom 8:14-17); die troos dat jy nooit weer vir die dood bang hoef te wees nie; en die vreugde dat jy op pad is na die ewige lewe by God.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026